**Skriflesing:** Genesis 4:17-26; 1 Korintiërs 11:17-34
Teks: **Genesis 4:26; 1 Korintiërs 11:29,33**
**VOORAF SANG: Ps. 2:1, 6**
**TYDENS EREDIENS- Sing- Ps.89:1,,2; Ps.130:1,3; Ps.42:1,3; Ps.146:1,3**

## Genesis 4:17-26

Gen 4:17 Kain het met sy vrou gemeenskap gehad, en sy het swanger geword en vir Henog in die wêreld gebring. Kain het daarna 'n stad begin bou en hy het die stad na sy seun Henog vernoem.
Gen 4:18 Vir Henog is 'n seun Irad gebore, en Irad was die vader van Megujael, en dié was die vader van Metusael, en dié was die vader van Lameg.
Gen 4:19 Lameg was met twee vrouens getroud. Die een was Ada en die ander Silla.
Gen 4:20 Ada het vir Jabal in die wêreld gebring. Hy was die stamvader van dié wat in tente by hulle kuddes woon.
Gen 4:21 Die naam van sy broer was Jubal en hy was die stamvader van dié wat op die lier en die fluit speel.
Gen 4:22 Silla weer het vir Tubal-Kain in die wêreld gebring, en hy was 'n smid, 'n vakman in koper en yster. Sy suster was Naäma.
Gen 4:23 Lameg het vir sy vrouens gesê: "Ada en Silla, luister na my! Vrouens van Lameg, let op my woorde! Ek maak 'n man dood as hy my wond, 'n seun as hy my seermaak.
Gen 4:24 Kain sal sewe maal gewreek word, Lameg sewe en sewentig maal!"
Gen 4:25 Adam het weer met sy vrou gemeenskap gehad, en sy het 'n seun in die wêreld gebring en hom Set genoem, "want," het sy gesê, "God het vir my 'n ander kind gegee in die plek van Abel omdat Kain hom vermoor het."
Gen 4:26 Ook vir Set is daar 'n seun gebore, en Set het hom Enos genoem. In daardie tyd het die mense begin om die Naam van die Here aan te roep.

## 1 Korintiërs 11:17-34

1Co 11:17 Noudat ek besig is om voorskrifte te gee – daar is dinge wat ek nie prysenswaardig vind nie. Dit is dat julle samekomste eerder kwaad doen as goed.
1Co 11:18 Wat my veral hinder, is dat daar, soos ek hoor, verdeeldheid onder julle is wanneer julle as gemeente saamkom; en gedeeltelik glo ek dit ook.
1Co 11:19 Daar moet trouens partyskappe onder julle wees sodat dit bekend kan word wie van julle die toets kan deurstaan.
1Co 11:20 As julle dan as gemeente saamkom, is dit nie meer die nagmaal van die Here wat julle vier nie,
1Co 11:21 want by die gemeenskaplike maaltyd eet elkeen gou sy eie eetgoed, met die gevolg dat party honger bly en party te veel drink.
1Co 11:22 Het julle dan nie huise waar julle kan eet en drink nie? Of het julle nie eerbied vir die gemeente van God nie, en wil julle die armes verneder? Wat moet ek vir julle sê? Moet ek julle prys? Hieroor prys ek julle beslis nie!
1Co 11:23 Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem
1Co 11:24 en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam; dit is vir júlle. Gebruik dit tot my gedagtenis."
1Co 11:25 Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis."
1Co 11:26 Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.
1Co 11:27 Elkeen wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here.
1Co 11:28 Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink,
1Co 11:29 want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself.
1Co 11:30 Daarom is daar baie swakkes en sieklikes onder julle en sterf daar baie van julle.
1Co 11:31 As ons onsself vooraf reg ondersoek het, sou ons nie onder die oordeel gekom het nie.
1Co 11:32 Maar nou word ons deur die Here geoordeel en getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld

veroordeel sal word nie.
1Co 11:33 Daarom, my broers, as julle saamkom om die nagmaal te vier, wag vir mekaar.
1Co 11:34 As een van julle honger is, moet hy liewer by die huis eet, sodat julle nie 'n oordeel oor julle bring as julle bymekaarkom nie. Die ander sake sal ek reël wanneer ek daar kom.

**Skriflesing:** Genesis 4:17-26; 1 Korintiërs 11:17-34

Teks: **Genesis 4:26; 1 Korintiërs 11:29,33**

**VOORAF SANG: Ps. 2:1,6**

**TYDENS EREDIENS- Sing- Ps.89:1,,2; Ps.130:1,3; Ps.42:1,3; Ps.146:1,3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- U wat besig is om kinders groot te maak, of u wat reeds kinders grootgemaak het, ek glo ons sal met mekaar saamstem dat van die eerste woorde wat ons kinders sê as hulle begin praat is die twee woorde- self en myne- ek wil *self*, en dan ook dit is *myne.* SELF en MYNE, twee bekende woorde wat ons vanoggend vroeg reeds in gedagte moet hou Die self-en-myne mense loop ’n hele pad deur God se Woord.

Ons begin ook vanoggend hierdie pad te loop in Genesis 4. Dit is ’n hoofstuk vol tragedie, maar ook hoe wonderlik eindig hierdie hoofstuk as daar van ’n enkele mens gepraat kan word, *Enos*- en direk na sy naam staan daar- *In daardie tyd het die mense begin om die Naam van die Here aan te roep.*

***

Dit wat tragies is in Genesis 4, maar tog ook so ’n groot werklikheid, is die feit van hoe ons as mense van mekaar kan verskil. Die eerste huisgesin op aarde het twee kinders- Kain en Abel- en daar is ’n geweldige verskil tussen hulle- so erg- Kain slaan sy broer Abel dood. Dieselfde ouers, dieselfde opvoeding, het nie hierdie verskil kon opklaar nie. ’n Mens staan verwonder daaroor!

In die plek van Abel kom daar weer ’n kind- Set. Set se naam beteken dan ook iets van om in die plek van iemand anders te wees. Ek is in die plek van die een wat dood is, ek is in die plek van die een oor wie julle treur. Plek bekledend, plaas bekledend, is die ingesette naam vir hom wat Set is. ’n Baie vêr weerklank is in die naam Set vir wat Jesus Christus vir ons moes kom doen het. Om in die plek van iemand anders te moes kom staan.

En hierdie Set het amper ’n 1000 jaar oud geword (912 jaar in Gen.5:8), maar waaroor ons ons nog meer oor moet verwonder is die genade van God in die geslagte. Set se eerste seun

was *Enos,* sy naam beteken verganklikheid, of Enos beteken dit is tydelik- Enos spreek iets van hoe broos en gebroke ’n mens werklik is, en tog is hierdie brose ook ’n mens wat net duskant 1000 jaar gedraai het (905 jaar- Gen.5:11).

Om net na hierdie 2 manne te kyk is al klaar iets van byna 2000 jaar se geskiedenis, net in twee mense. 2000 jaar wat in ons oë ’n baie lang tyd is- maar waaroor ’n mens met verbasing jou oor kan verwonder. ’n Pa en sy seun saamgevat wat net hulle twee se geskiedenis by die 2000 jaar lank was. Merkwaardig! Nog meer merkwaardig dit wat oor die pa se seun gesê word - *In daardie tyd het die mense begin om die Naam van die Here aan te roep….*Wat sit alles net in hierdie 2000 jaar? Woorde wat iets van die ou kristalhelder flitse na ons kant toe wil blink deur van Enos nie baie van sy prestasies te vertel nie, inteendeel geen mense prestasie nie, maar eerder word daar van hom net dit gesê – *In daardie tyd het die mense begin om die Naam van die Here aan te roep.*-

Ek dink die betekenis hiervan is te groot om dit werklik heeltemal te verstaan, wat nog om dit oor te vertel! Oor dié wat nie openlik die naam van die Here aanroep nie oor hulle prestasies word gepraat – Die begin van hulle wat musiek kon maak- hulle wat fluite en liere kon bespeel, die vakmanne, die smede wat koper en yster kon verwerk. Ja, die ystermyne in ons wêreld het in ’n sekere sin Tubal Kain by hulle werk te danke, maar die mooiste is waar die hoofstuk eindig. Geen mense prestasie nie, maar gewoon die feit dat iemand word genoem, *Enos* wat begin kerk-hou het, wat die kerk sigbaar wou maak, terwyl die kerk in sy grootste van bestaan dit is wat nie gesien kan word nie.

***

Genesis 4 het ons gesê eindig wonderlik, maar tog is dit tragies dit wat ons ook hier lees. Mense-prestasie maar waarin dit nie God is in Wie daar gepresteer word nie. Ons het die tragiese verskil tussen Kain en Abel reeds gesien, hoe twee kinders met dieselfde opvoeding kan verskil, en nou kom Genesis 4 deur nie net van 2 kinders te praat nie, maar van 2 geslagte- Kain se geslag, en Set se geslag, en die verskil in 2 geslagte word nog erger as die verskil net in 2 mense. Set na Enos gee die pragtige aanbiddings lyn, maar voor hulle het

Kain en sy nageslag die dinge gesê, wat ons en ons kinders nog baie keer wil sê- DIT IS MYNE of EK SAL SELF-

***

Die self-en-myne mense kan ons maar vinnig net na kyk. Hulle ontwikkel en bly sekerlik nie vêr van Set en sy mense nie, dieselfde leefruimte, dieselfde geleenthede, is albei geslagte s'n. En moet nie 'n fout maak nie, Kain en sy nageslag doen wonderlike dinge. Tegnologie ontwikkel, soveel so hulle bou 'n stad, ambagte ontwikkel, dink net om daardie tyd met jou ambag al 'n tent te kon maak, dat mense daarin kan bly, of jy word 'n smid wat yster en koper kan verwerk, en hulle boerderye ontwikkel so, van hulle word veeboere genoem, ja selfs hulle kultuur brei pragtig uit, dat daar verskillende musiekinstrumente kom, party kan op siters speel, ander weer op fluite. Dit is alles baie goed, en dit is mooi, maar weet u wat is die groot probleem van hierdie mense wat ons nie moet miskyk nie- Ons kinder-sêding van "EK SAL SELF" of "DIT IS MYNE ".

Hulle hele ontwikkeling is 'n ontwikkeling weg van die Here af. Jy kry toe-al die mens wat alles probeer om al hoe minder van die Here afhanklik te wees. In dit wat hulle wonderlik doen probeer hulle ook al hoe verder van die Here af weg te beur. Hulle ambag word gebruik om ook afgode te maak, en die 5de geslag na Adam, is die monogame huwelik daarmee heen. Lameg trou met twee vroue, en sy bravade rondom hierdie twee vroue is nie ongehoor gelaat nie. "*Ada en Silla, luister na my! Vrouens van Lameg, let op my woorde! Ek maak 'n man dood as hy my wond, 'n seun as hy my seermaak. Kain sal sewe maal gewreek word, Lameg sewe en sewentig maal!"* Hy wil dit goed laat klink- dit goed laat verstaan- dit is 'n man wat hier praat! Maar 'n man wat nie sy manlikheid soek daar waar Enos in aanbidding daarna gesoek het nie, maar 'n man met 'n vuis, een wat kan slaan, een wat kan wond, wat te midde van die stoflike en menslike prestasies ook sal wil wys hoe sterk ek is! Die mense kom in lyn wat saam sal sê- ek is my eie baas, ek sal self… ek wil self…ek besluit self…Mense wat nooit die kleuter- en peuter sêding kan ontgroei nie, want al is hulle hoe oud nog heeltyd met hulle lewe wil wys- EK SAL SELF of DIT IS MYNE-

***

Ons besef dan ook vanoggend, enkele weke weer van ons nagmaalviering af- hierdie mentaliteit het al hoe erger geword, en is nog besig om al hoe erger te word. As Gen.4:16 praat van hoe Kain gaan woon het in die land Nod, oos van Eden, dan was sy wegtrek na hierdie aparte land ’n doelbewuste poging om van God te probeer wegkom. En dit wat Kain doen dit word in sy kinders net erger. ’n Klein wegbeur van God word ’n groot wegbeur van God. Hulle word absoluut die teenoorgestelde van dit wat hulle eie broers moes word. Hulle is die mense wat doelbewus daarvan sou wou wegkom en alles sou probeer om juis nie die Naam van die Here aan te roep nie. Dit wat by Enos skitter dit is juis dit wat deur hulle verag word. Mense-prestasie wat die goddelike prestasie heeltyd wil teëwerk, of wil probeer om dit uit te kanselleer.

Ons moet dit raaksien, dit wat God met Set en Enos gedoen het, God het hulle uitverkies, daarom is hulle prestasie nie eers van belang nie, want dit wat God doen is wat werklik op die einde tel, en niks anders nie! Kain en sy self-en myne- nageslag is die geslag wat met die sondvloed verdrink het, maar weet u tog hou dit nie op nie.

***

Nog weer wil mense self ’n toring bou (die latere Genesis 11), hulle wil wys hulle kan self besluit, hulle kan met God meeding, so hoog soos die hemel moet die toring wees. Op die einde het die mense gedink dit sal wonderlik wees om te sê, dit is myne, dit is ons, my mense, een mensegeslag wat so iets kon doen. Toe het God weer ingegryp, nie met water nie, maar met die tong, mense het skielik nie meer dieselfde klanke in hulle tonge gevorm wat deur mekaar verstaan kon word nie. God het elke keer net een ding nodig om die hele mensdom om te keer. En dit terwyl God daarna verlang dat hierdie omkeer ’n inkeer by die mens sal bring. Voordat God die laaste keer net een keer sal praat, en weer net deur een ding nl. deur vuur, is dit vanoggend nodig om in u lewe te onderskei of ek op die Kain-pad is, of is u waar Enos begin het- *In daardie tyd het die mense begin om die Naam van die Here aan te roep.*

***

En weet u om hierdie onderskeiding in u lewe te maak, is nie moeilik nie. Daarvoor het die Here vir ons ook één genadegawe gegee- en dit is die Nagmaal. Dit wat ons weer op 20

Augustus mag vier. 20 Augustus sal hierdie verskil weer kan blootlê. Ons moet saam met Paulus by 1 Korintiërs 11 wil gaan aansit, maar voordat ons dit doen, dan besef ons daar is groot fout. Die fout van EK WIL SELF- en DIT IS MYNE. Wat het in Korinte gebeur?! Paulus se samevatting lê vir ons hoofsaaklik in v. 29- Ons lees dit ook in die 1933 '53 Vert. *Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie…*

Die onwaardige wyse van die Nagmaal het begin waar mense in die kerk van Korinte hulleself verdeel het. Nagmaal is in daardie tyd voorafgegaan deur wat genoem is 'n liefdesmaaltyd of gemeenskaplike maaltye. Elkeen bring dan sy eie kos en dan word hierdie kos voorgesit en op die einde het die maaltyd dan gewoonlik spontaan oorgeloop in die viering van die Nagmaal soos ons dit ook ken. Die probleem begin by dit wat in liefde by die aanvanklike maaltyd gemeenskaplik moes gebeur het . Trouens daar was 'n diakonale funksie hierin ingebou dat vir mense wat gewoonlik nie behoorlik gevoed is nie, 'n geleentheid tot 'n heerlike gemeenskaplike ete ook moet kan bestaan Al het watter persoon watter hoeveelheid en kwaliteit van kos gebring, mag daar nie by die gemeenskaplike tafel tussen mekaar se kos en waarde van kos 'n onderskeid gemaak word nie.

***

In Korinte het die rykes hulleself begin eenkant hou en aan ete en drinke was daar natuurlik geen tekort nie. Dit is wat dan ook bedoel word in v.21 ... *want by die gemeenskaplike maaltyd eet elkeen gou sy eie eetgoed, met die gevolg dat party honger bly en party te veel drink.* Dit wat Nagmaal bedoel om te wees kan ons goed verstaan kom hier niks van tereg nie.

In werklikheid is die rykes in die kerk van Korinte maar weer waar Kain en sy geslag ook gestaan het. Ons eet eers self van ons kos, want dit is ons s'n- weer die hele ding van ek wil self, en dit is myne… Paulus bring hierdie hele toedrag saamgevat in dit wat onwaardig is, waar jy nie jouself beproef nie. Jy maak jou skuldig aan die liggaam en bloed van die Here, ons teksverse noem dit- *terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.* Onderskei is die Griekse woord διακρίνωῦ waar dit dan ook beteken om die waarde van iets te bepaal.

Om nie die liggaam van die Here te onderskei nie, is om dit nie na waarde te ag nie, of om dit te minag.

Die liggaam van Christus wys na wat sy kerk is. Die kerk is die liggaam van Christus. Dit moet onderskei word, en ’n logiese voortvloeisel is dat as die liggaam nie na waarde geag word nie, dan word Christus Self noodwendig die minderwaardige. Daar gebeur in hierdie Korintiese gemeente twee tragiese dinge. Die eerste dat hulle uit die oog verloor dat almal saam ’n gemeente moet wees, daar moet eenheid wees, wat nie maar ’n luukse mag wees nie. Om kerk te mag wees moet mens met mekaar in Christus een wees. En soos wat hulle in Korinte toe Nagmaal begin vier, het noodwendig die tweede tragiese gevolg en dit is om die betekenis van Christus Self te verloor. Dan is dit gewoon logies dat so ’n mens en selfs so ’n kerk eet en drink ’n oordeel oor hulleself.

***

As kerk kan ons nie beter as dié in Korinte onsself beskou nie, mag ons wel beter luister. Mag ons as kerk steeds leef in die volle nalatenskap van Enos ... *In daardie tyd het die mense begin om die Naam van die Here aan te roep.* Mag ons nooit ’n kerk wil wees met ’n EK WIL SELF en DIT IS MYNE-gesindheid nie! ’n Kerk waar ons bereid is om vir mekaar te wag. Wag is die Griekse woord ἐκδέχομαι wat dan ook beteken om op die uitkyk te wees vir mekaar, mekaar te verwag, om iemand te aanvaar, om erkenning aan iemand te gee. Om nie vir mekaar te wag nie, waar elkeen maar weer lewe van ek wil self en dit is my lewe, my werk, my loopbaan, my toekoms, op die einde lê sulke mense, sulke huwelike, sulke huise lyk soos wrakke van karre wat ons baie keer so ry en sien, daar was ’n kar, maar nou is dit ’n wrak. Daar was ’n huwelik, nou is dit ’n wrak want die huwelik-kar wou nie wag nie, wou nie by die stopstrate van die lewe ook ’n slag tot stilstand kom nie. Die ongeluk was groot…hulle wou nie vir mekaar wag nie.

Onthou ons almal is swakke mense, dit wat die naam Enos beteken is ons almal- Verganklik, tydelik, broos, maar ons het ook ons Set gehad. Set wat beteken hy het in die plek gekom, Jesus Christus is die Een wat in ons plek gekom het, in ons plek aan die kruis. Die kruis wat ons plek moes wees daar het Hy vir ons gesterwe.

Mag ons in wat ons besit, ons gawes en talente, dit waarmee ons Vrydag kermis kon hou, mag alles maar net dien  tot uitbreiding van die koninkryk van God.  Mag ons mekaar altyd in ag wil neem, deur werklik bereid te wees om weg te kom van daardie kleintyd kleinigheid van ek wil self en dit is myne.  Die klem het in Enos se tyd al weggeskuif van net individuele aanbidding, maar daar het gekom ’n samekoms, om God saam te aanbid, saam te eer, daar was kerk.  Die kerk het ewigheidswaarde, die kermis mag die ewigheidsperspektief ook nie verloor het nie.  Om vir mekaar te wag spreek van groot dinge. Wat nog groter sal word as ons eendag saam in die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde sal wees. Op hierdie aarde moet ons besef die liggaam van Jesus moet nou al onderskei word, en ons moet bereid wees om vir mekaar te wag, met wat hierdie wag alles beteken. Mag die kleintyd kleinighede nie ons lewens oorheers van EK WIL SELF ... EN DIT IS MYNE!  Niks is daar wat ons het wat nie aan die Here behoort nie!

AMEN